

Uitdagings van ruimtelike integrasie, urbanistiek, vervoer en die omgewing

Stijn, Das, red. 2009. Hendrik M. Goudappel “reader” over de urbanistiek en planologie. Bloemfontein: Sun Press. 227 p.
Prys: R200,00. ISBN: 978-1-920383-02-2.

Resensent: C.B. Schoeman
Vakgroep Stads- en Streeksbeplanning,
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

Die outeur bied in hierdie werk 'n versameling aan van die bydraes, benaderings en vertrekpunte van die werk van Hendrik M. Goudappel. Dit bestaan uit toepaslike onderwerpe oor artikels wat Goudappel binne die tema van die urbanisme gepubliseer het vanaf 1960 tot 1999. Daar word klem gelê op die rol wat begrippe binne verkeersordening, infrastruktuur, superstruktuur en ideologiese struktuur vervul in die beplanning en ontwikkelingsdenke. Die hantering van hierdie onderwerpe dui daarop dat menslike denke (en dus beplanning en ontwikkeling in die algemeen) deur die konkrete werklikheid, prosesse en idees en/of denkbeelde gerig word. Die hoofbydrae van Goudappel handel egter met die ontwikkeling van die urbanistiekonsept. Sowat veertien van die bydraes van Goudappel in Nederlands is by die werk ingesluit.

Hierdie werk het wel meriete indien dit streng beoordeel word aan die hand van die onderwerp waarmee gehandel word en die redes wat die outeur vir die saamstel van die bundel verskaf. Die motivering vir die noodsaaklikheid om die werk te publiseer en die begrippe en konsepte aan die breër beplannings- en ontwikkelingsgemeenskap bekend te stel, lewer 'n besliste bydrae tot 'n alternatiewe benadering vir die komplekse ontwikkelingswerklikheid wat in Suid-Afrika bestaan. Dit moet egter gekwalifiseer word dat dit 'n spesifieke siening oor die begrippe en onderwerpe is wat hanteer word. Indien dit binne die konteks van ander teorieë en samelewingswerklikhede beskou word, lewer dit 'n bydrae om die Suid-Afrikaanse lewens- en werklikheidsbeskouings, wat sterk kultuurge-drewe is, uit 'n alternatiewe oogpunt te verstaan.

Die werk behoort besondere ondersteuning te vind by professionele persone wat in die bou-omgewing, ontwikkelingseconomie, ruimtelike beplanningsteorie, openbare bestuur, politieke wetenskap en

vakfilosofie betrokke is. Die feit dat die werk slegs in Afrikaans en Nederlands gepubliseer is, mag die aantal lesers wat in die onderwerp belangstel, beperk.

Soos reeds vermeld, bestaan die werk uit 'n versameling reeds gepubliseerde artikels van Goudappel. Die Suid-Afrikaanse ruimtelike werklikheid bestaan uit 'n samestelling van werklikhede wat nie so homogeen is as wat dit in Europa bestaan nie. Die ontwikkeling van die gefragmenteerde stad as gevolg van politieke stelsels wat in die verlede ontwikkeling gerig het, is op die beginsel van ruimtelike skeiding van mense afgestem. Hierdie struktuur is na sewentien jaar se demokrasie nog steeds nie geïntegreer nie. Die werk van Goudappel lewer egter wel 'n bydrae deur uit 'n ander vertrekpunt na hierdie uitdaging te kyk. Tesame met ander beskouings en benaderings kan dit 'n bydrae lewer om die uitdagings van ruimtelike integrasie, urbanistiek, vervoer en die omgewing in konteks te verstaan.